29 MAART 2020
HERDERSBRIEF #15

Geliefde Gemeente,

'n Belangrike Skrif is die Skrif in Jakobus wat verklaar: ***"Nader tot God en Hy sal tot julle nader." (Jak. 4:8).***

Daar is die gevaar van 'n wanpersepsie: "Hoe moet ek tot God nader, wanneer daar aan my verkondig word, dat God in my is?" Hierdie vraag spreek van: wanbalans; as gevolg van die feit dat God in die hemele sit. ***Ef. 1:20 "wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele."***

Daar is 'n koorvers wat so pragtig hierdie saak aanspreek:

*How big is God*
*How big and wide His vast domain.*
*To begin to tell,*
*these lips can only try.*
*His big enough*
*to rule this universe.*
*Yet small enough*
*to live within my heart.*

**Sewe geeste voor God se troon**: verteenwoordig God se totale Gees. ***(Open. 4:5) Joh. 4:24*** verklaar uitdruklik dat God Gees is. Die totaliteit van God se Gees is omvangryk: Alomteenwoordig. *"Neem julle dan in ag ter wille van julle gees"* – "***take heed to your spirit" (Mal. 2:15).*** *"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee."* ***(Es. 36:26).***


Die balans – die perspektief – beteken dus dat ek verstaan God is **buite en binne**. Dit is dan ook die volle betekenis van die Griekse voorsetsel: ***"eis".***

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

*15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA*
*+27 12 543 0333*
*+27 12 567 7010*
*forum@ekdgenesis.com*
www *ekdgenesis.com*
*EKDGENESIS NPO1811131335*

Ek wil dus die drie volgende voorsetsels onder u aandag bring te wete:

"***Pros"; "Eis"; "Apo".***



Nader tot God beteken dus, dat ek in my gees voortdurend 'n *"tot God"*-aksie – ***"pros"*** – het ooreenkomstig ***Joh. 1:1***. Dat die ideaal is – die doel is – om ons almal in Christus te verenig: *"tot die mate van die volle grootte van Christus"* ***(Ef. 1:10; Ef. 4:13; Ps. 86:11)***

***"Veragter in genade" (Heb. 12:15)*** beteken dat ek my deel maak van 'n ***"apo"-***groep, wanneer ek begin om my te onttrek ***(Heb. 10:39),*** en sodoende, sonder dat ek dit agterkom, wegbeweeg van God.

Liefdegroete,

Ds. J.H. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335